# LEWENSVAARDIGHEDE

## AKTIWITEIT 1: PROFIEL VAN DIE TIENER

### SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusgangerss in te lig aangaande die ontwikkelingsfases van die kind van die voorskoolse fase tot matriek

### STANDAARDE
a) Dat die kursusgangers kennis neem van die verskillende vlakke van ontwikkeling van die kind van voorskoolse fase tot en met matriek wat die volgende asekte aan betref:
- Fisiek
- Sosiaal
- Geestelik
- Seksueel

## AKTIWITEIT 2: DIE LEEFWÊRELD VAN DIE TIENER

### SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusgangers voor te stel aan die leefwêreld van die (post)moderne tiener. (Tiener subkultuur)

### STANDAARDE
a) Dat die kursusgangers kennis neem van die leefwêreld van die moderne tiener
b) Dat die kursusgangers kennis neem van die verskillende generasies, te wete: (Intergenerasionele jeugbedieningsmodel van Graeme Codrington)
- Die “Silent Generation”
- Die “Baby Boomers”
- Generasie X
- Millenium kinders

## AKTIWITEIT 3: SELFKONSEP

### SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusgangers in te lig aangaande die vorming van ‘n positiewe en negatiewe selfbeeld – en om kursusgangerss die vaardighede te gee om tieners met die ontwikkeling van hulle selfkonsep by te staan.

### STANDAARDE
a) Dat die kursusgangers die ontwikkeling van ‘n selfkonsep sal verstaan.
b) Dat die kursusgangers sal kennis neem van die verskillende maskers wat mense gebruik om hulle swak selfbeeld mee te verbloem.
c) Dat kursusgangers insig sal ontwikkel in hulle eie selfkonsep.
d) Dat kursusgangers die selfkonsepwiel sal verstaan en kan aanwend.
e) Dat die kursusgangers sal kennis naam van die maniere om ‘n kind se selfkonsep te verbeter.

## AKTIWITEIT 4: KEUSES

### SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusgangers toe te rus om jeuglede te leer om prinsipiële en verantwoordbare keuses in die lewe te maak.

### STANDAARDE
a) Dat die kursusgangers sal kennis maak met die besluitnemingsproses.
b) Dat die kursusgangers sal kennis maak met verskillende style van besluitneming.

c) Dat die kursusgangers die rol van waardes in die besluitnemingsproses sal verstaan.
d) Dat die kursusgangers ‘n begrip te gee van risiko’s in die besluitnemingsproses.

**AKTIWITEIT 5: KONFLIKHANTERING**

**SPESIFIEKE DOELWIT**
Om die kursusgangers toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om konflik op ‘n opbouende manier te kan hanteer.

**STANDAARDE**
a) Dat die kursusgangers sal verstaan wat is konflik.
b) Dat kursusgangers sal kennis neem van die verskillende oorsake van konflik.
c) Dat die kursusgangers insig sal ontwikkel in hulle eie konflikhanteringstyl en ook van die ander style.
d) Dat die kursusgangers sal kennis neem van onderhandelingsvaardighede wat nodig is om konflik positief te hanteer.
e) Dat die kursusgangers die model van konflikhanterings sal verstaan en kan toepas.

**AKTIWITEIT 6: KOMMUNIKASIE**

**SPESIFIEKE DOELWIT**
Om die kursusgangers toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om jeuglede te leer om suksesvol te kan kommunikeer.

**STANDAARDE**
a) Dat die kursusgangers verstaan wat is kommunikasie.
b) Dat die kursusgangers die belang van nie-verbale kommunikasie verstaan.
c) Dat die kursusgangers die verskillende vlakke van kommunikasie verstaan.
d) Dat die kursusgangers toegerus word met die nodige kennis en vaardighede om goeie luisteraars te wees.

**AKTIWITEIT 7: VERHOUDINGS**

**SPESIFIEKE DOELWIT**
Om kursusgangers toe te rus met die kennis en vaardighede om jeuglede in staat te stel om suksesvolle en opbouende vehoudings aan te knoop.

**STANDAARDE**
a) Dat die ursusgangers leer wat ‘n verhouding is.
b) Dat die kursusgangers leer hoe om ‘n verhouding in stand te hou.
c) Dat kursusgangers kennis maak met die elemente van ‘n suksesvolle verhouding.
d) Dat die kursusgangers voorgestel word aan die basiese emosionele behoeftes van elke mens.

**AKTIWITEIT 8: SELFBEHOUD**

**SPESIFIEKE DOELWIT**
Om kursusgangers toe te rus om tieners te help om die kuns van stedelike selfbehoud te verstaan en toe te pas in hulle lewens.

**STANDAARDE**
a) Dat die kursusgangers verstaan wie is die “self” wat behou moet word.
b) Dat kursusgangers verstaan wat is die bedreigings wat die “self” bedreig.
c) Dat kursusgangers verstaan hoe behou jy die “self”